education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V2

## PRAKTIES

## MODEL 2008

**PUNTE: 50**

**TYD:** Moet gedurende die vierde kwartaal in 'n minimum van 6 uur en 'n maksimum van 18 uur voltooi word.

**Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings, naamlik AFDELING A en AFDELING B.

   AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK
   AFDELING B: DIE KUNSWERK

3. Jou finale kunspmarkties-eksamen vir Graad 12 verteenwoordig die hoogtepunt van jou kunsstudies hierdie jaar. Jou kreatiwiteit, oorspronklikheid en vaardighede sal ten toon gestel word. Daar word gehoop dat jy dit sal geniet om hierdie kunswerk te skep en dat dit vars en oorspronklik sal wees en jou persoonlike ervaring sal uitbeeld.

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK

Die bronboek vorm 'n belangrike gedeelte van hierdie eksamen. Dit bied insig in die manier waarop jy idees vorm, hoeveel alternatiewe jy ondersoek het en ander prosesse wat tot die finale werk lei.

Die bronboek moet die volgende insluit:

- Alle idees en oplossings wat jy ondersoek het.
- Al jou bronmateriaal. Dit sluit tekene vanaf die lewe, foto's, beelde uit tydskrifte en koerante, gedigte, lirieke, voorwerpe gevind, ensovoorts in. Oorweeg dit om, waar relevant, jou eie foto's te neem.
- Al jou voorbereidende komposisionele sketse, tekeninge, notas en navorsing gebaseer op jou bronne. Dit is belangrik om die bronne jou eie te maak deur dit te skets, jukstaposisies daarvan te beplan en oorspronklike komposisies te skep.
- Geskrewe verduidelikings en notas oor hoe jy die onderwerp gaan benader.
- Twee finale komposisietekeninge/-collages/-assemblages om as verwysing in die finale kunswerk te gebruik.

## AFDELING B: DIE KUNSWERK


Daar word van jou verwag om EEN kunswerk te produseer in die praktiese dissipline wat jy hierdie jaar ondersoek het. Jou kunswerk mag as 'n enkele stuk, of moontlik in die vorm van 'n diptiek, triptiek of 'n reeks van werke wat as een werk gesien word, aangebied word, as jy tweedimensioneel werk.

Algemene riglyne:

- Jy mag die vraestel met jou kunsopvoeder voor die aanvang van die eksamen bespreek.
- Die eksamenwerk moet in die teenwoordigheid van die kunsopvoeder in die kunsklas voltooi word. GEEN eksamenwerk mag uit die klaskamer geneem word nie.
- Grootte: GEEN beperkings, maar moet beheerbaar wees in terme van vervoer na die eksamensentrum.
- Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van kuns soos lyn, vorm, kleur, tekstuur, ruimte, ritme, balans, hormonie, proporsie en komposisie.
- Daar is geen spesifieke instruksies ten opsigte van die styl van die werk nie. Dit kan naturalisties, ekspressief, dekoratief, ensovoorts wees.
- Jy mag ander media insluit om gemengde mediawerk in enige van die praktiese dissiplines te skep.


**TEMA:**

# REIS




Dan Eldon was 'n jong Amerikaanse fotojoernalis wat tydens onluste in Somalië gestenig is. Na sy dood het sy ma en suster sy joernaal saamgestel.

Die volgende beelde is uit sy joernaal geneem:






Die reis is die bestemming.

Dan Eldon

Reis: Uit 'n spirituele oogpunt is die reis nooit maar net 'n deurgang deur ruimte nie, maar eerder 'n uitdrukking van die dringende begeerte om te ontdek en te verander, wat onderliggend is aan die ware beweging en ervaring van reis. Daarom, om met intensiteit te bestudeer, te ondersoek, te soek of om te lewe deur nuwe en innige ervarings is alles maniere van reis of, om dit anders te stel, die spirituele en simboliese gelykes van die reis.

[Bron: *A Dictionary of Symbols*, JE Cirlot]

Oorweeg die volgende reise:

- Die begin van die reis
- Jou voorvaderlike reis
- 'n Persoonlike reis
- 'n Spirituele reis
- 'n Emosionele reis
- 'n Intellektuele reis
- Die reis as 'n man/vrou of kind
- Die reis as 'n Afrikaan
- Die reis as 'n Suid-Afrikaner
- 'n Reis van ontdekking
- Jou kreatiewe reis gebaseer op jou bronboeke van die afgelope drie jaar
- Die einde van die reis

Gebruik die bogenoemde voorstelle as inspirasie om jou eie interpretasie van 'reis' te ontwikkel.

Kopiereg voorbehou 

## ASSESSERINGSKRITERIA

## AFDELING A: BRONBOEK/WERKBOEK/NAVORSING

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Leerder se intensie/voorstel | 10 |
| Ondersoek van 'n verskeidenheid benaderings en idees | 10 |
| Ondersoek en manipulasie van materiale en tegnieke | 10 |
| Verslag met bepeinsinge na afhandeling van taak | 10 |
| Tydbestuur | 5 |
| Aanbieding | 5 |
| **TOTAAL** | **50** |

## AFDELING B: DIE KUNSWERK/PRAKTIES

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| Keuse en gebruik van materiale/Tegnieke | 10 |
| Gebruik van formele kunselemente | 10 |
| Interpretasie en praktiese toepassing van navorsing | 10 |
| Geheelindruk van werk – oorspronklikheid, kreatiwiteit, innovering | 10 |
| Voltooiing van kunswerk/tydbestuur | 5 |
| Aanbieding van werk | 5 |
| **TOTAAL** | **50** |
| **GEKOMBINEERDE TOTAAL** | **100** |
| **FINALE TOTAAL: GEKOMBINEERDE TOTAAL (100) ÷ 2** | **50** |

**FINALE PUNT:**

**AFDELING A [50] plus AFDELING B [50] = 100 ÷ 2 = 50**

Assessering moet volgens die Vakassesseringsriglyne: Visuele Kunste Bylae 3 gedoen word.

**TOTAAL: 50**